

Die gevaar om Beesbrusellose (BBR) deur vendusies en skoue te versprei

Hierdie artikel sal poog om die gevare uit te wys van hoe brusellose onwetend op die plaas ingebring kan word en jou kudde kan besmet.

Die volgende het werklik gebeur:

“In ‘n gebied wat relatief vry van BBR is, het ‘n boer kommersiële beeste met ‘n onbekende brusellose status verkoop en daardeur BR versprei na 5 plasetwee van die plase het so besmet geraak deur hierdie aankope dat die kuddes uitgeslag moes word.

In ‘n ander uitbreek, ook in ‘n kommersiële kudde, het die kudde in Junie negatief vir BBR getoets nadat die koeie gekalf het. Al die beeste is op ‘n veiling verkoop in Oktober.4 kuddes het besmet geraak van beeste wat hier ingekoop is. Een nuwe eienaar het ook ‘n stoet gehad wat hy apart gehou het en wat gelukkig nie besmet geraak het nie. BBR het ‘n groot variasie in inkubasiëperiode en dit is duidelik dat sommige diere eers serologies positief geword het na die Junietoets.

Huidiglik is daar ‘n jong veearts (28 jaar oud) van xxxxx, waar daar in jare geen BBR was nie, in die hospitaal waar hy vir brusellose behandel word.....hy kan onthou dat hy ‘n keisersnee op ‘n koeie gedoen het 2 maande voordat hy simptome begin ontwikkel het. Hy kan egter nie die plaas of die boer se van onthou nie. Dit maak die vasstelling van die bron van die siekte, baie moeilik. Hopelik sal hy sy rekords kan nagaan om besonderhede vas te stel wanneer hy uit die hospitaal kom”.

Vraag: Ons skoureëlings is dat alle beeste, wat na die skou kom, getoets moet wees vir besmetlike misgeboorte en tering. In die geval van stoet teelkoeie, kan hulle BBR positief wees en die siekte oordra?

Antwoord: Is hierdie koeie dragtig? As die koeie enige periode vanaf 4 maande dragtig is en hulle kom vanuit ‘n kudde waar die BBR status onbekend is, is ‘n negatiewe serologiese toets dalk ontoereikend. Brusellose is ‘n kuddesiekte en hierdie koeie mag die siekte dalk inkubeer. Verse/koeie wat besmet geraak het mag aborteer vanaf 5 maande dragtigheid veral as hulle nooit ingeënt is nie. Dit is gedurende hierdie stadium van dragtigheid dat die baarmoeder begin om die suiker eritriitol te produseer, wat die veldstam van die bakterie nodig het om te groei en te vermeerder. As onlangs getoets en besmet is met die bakterie voor hierdie stadium van dragtigheid, sal die verse/koeie normaalweg negatief toets. Verse gebore van besmette koeie kan in die baarmoeder besmet word (latente besmetting), maar mag eers later seropositief word na ‘n aborsie of kalwing.

Vraag: Sal dit in orde wees om boere, wat hulle verse en osse bring, te vra om slegs die spesifieke diere te toets? Ek weet dat die kans dat ‘n vers of os die siekte kan oordra baie raar is.

Antwoord: Osse kan nie die siekte oordra nie en verse wat nie dragtig is nie, is veilig. As die verse uit 'n kudde kom waarvan die *Brucella* status onbekend is, moet hulle nie verkoop word nie want hulle kan latent besmet wees.

Vraag: Ek sal verkies dat die reël bly soos dit is: “Alle teeldiere wat na 'n skou kom, moet vir BBR en TB getoets wees”.

Antwoord: As beeste nie dragtig is nie en hulle word nie verkoop nie, kan hulle geskou word. Besmette plase is onder kwarantyn en geen diere mag van die plaas verwyder word sonder toestemming van die lokale Staatsveearts en sonder 'n Rooikruispermit nie. Daar is baie gevalle waar boere diere, wat sero-positief is, ingekoop het en die gevolge moes dra omdat hulle brusellose in hulle kudde ingebring het. Onthou, jy betaal nie stoetpryse vir die vleis van koeie wat geslag word vir brusellose nie – kruisteelkoeie en stoetdiere se vleis ontvang dieselfde prys.

Vraag: Party mense/vertoners probeer slaag in hul eis dat elke bees op die plaas getoets moet wees voordat 'n dier op die skou toegelaat word.

Antwoord: Dit is die uiteindelijke doel met die BBR skema – om uit te vind waar die siekte is sodat die verspreiding van die siekte beheer en verhoed kan word.

Vraag: Verstaan asseblief dat hierdie besluit inskrywings vir skoue sal laat afneem en tot 'n logistieke en administratiewe nagmerrie sal lei.

Antwoord: 'n Veearts, wat ook 'n prokureur is, is gevra oor wie se verantwoordelikheid 'n dier(e) op 'n vendusie is (in jou geval is dit die skougronde). Die vraesteller is verwys na Seksie 11 van die Wet op Diersiektes (Wet 35 van 1984): Die bestuurder van die grond (vendusie of skou) sal verantwoordelik gehou word vir enige siekte-uitbreek wat mag voorkom.

11 (1) 'n Eienaar of bestuurder van grond waarop daar diere is en 'n eienaar ten opsigte van diere moet, hetsy so 'n eienaar of bestuurder advies betreffende die gesondheid of 'n sertifikaat van geskiktheid of gesondheid van die diere ingevolge artikel 13(1)(c) van die direkteur verkry het, al dan nie-

- (a) Met inagneming van die bepalings van hierdie Wet, alle redelike stappe doen om die besmetting van die diere met diersiektes en parasiete en die verspreiding daarvan vanaf die betrokke grond of diere te voorkom of wat nodig is om diersiektes en parasiete op die grond of ten opsigte van die diere uit te roei; en
- (b) Wanneer sodanige diere-
 - (i) Met 'n diersiekte of parasiet besmet is of redelikerwys vermoed kan word besmet te wees, ten opsigte van dié diere die voorgeskrewe behandeling of enige ander behandeling wat onder die bepaalde omstandighede as geskik en gebruiklik geag kan word, toepas; en
 - (ii) Met 'n beheerde diersiekte besmet is of redeliker wys vermoed kan word besmet te wees, sodanige voorkoms van die diersiekte onverwyld op die voorgeskrewe wyse by die direkteur aanmeld.

Seksie 34 van die Wet verwys na plaasvervangende verantwoordelikheid. As 'n sero-negatiewe getoetste dier vir brusellose vanaf 'n besmette brusellose plaas kom en die eienaar weet die plaas is besmet, kan hy/sy dan verantwoordelik gehou word.

Wet op Dieresiektes Wet 36 van 1984

<http://www.nda.agric.za/vetweb/Legislation/Gov%20Gaz%20-%20Act%2035%20of%201984%20-%20Part%201.pdf>

Vraag: Die tipe diere wat na die skou toe kom is:

Antwoord:

Koeie wat gekalf het/met kalwers/in kalf

'n Nie-dragtige koei dra nie die siekte oor nie, 'n dragtige besmette koei wat kalf of aborteer op die skougronde kan die siekte oordra. Koeie in kalf moet kom van 'n kudde wat negatief getoets is.

Bulle van alle ouderdomme

Moet getoets wees.

Verse

Nie dragtig of van 'n negatief getoetste kudde

Osse

Kan nie die siekte oordra nie

Boere behoort te weet wat hulle **status** is. Brusellose is nie net 'n soönose (siekte van diere wat mense kan aansteek) nie maar ook 'n siekte wat 'n negatiewe effek op die ekonomie van die boerderybesigheid het en tot 'n finansiële ramp kan lei.. Gebruik jou negatiewe status as 'n status simbool! Kondig by die vendusie en skou af dat hierdie diere uit 'n negatiewe BBR en TB kudde kom.....dit sal ander boere laat dink aan hulle status.

Brusellose is 'n emosionele siekte Ek het al saam gehuil met baie boere wie se kuddes besmet geraak het met BBR. Het jare van sweet, harde werk en teling gesien wat deur hierdie siekte vernietig is. Ek voel vir hulle want Brusellose is 'n siekte wat voorkom en beheer kan word. Moenie dat vendusies en skoue deel van die verspreiding van die siekte word nie.

Hierdie bewustheid verkopersverklaring kan help om die risiko te verminder wanneer diere aangekoop word.

Bewustheid Verkopersverklaring – Beesbrusellose

Hiermee verklaar ek dat ek die wettige eienaar, of gemagtigde verteenwoordiger, van die beeste wat vir verkoop aangebied word en is by magte om hierdie verklaring te maak.

1	Die diere wat te koop aangebied word is duidelik en permanent geïdentifiseer		Ja	Nee
2	Die beeste te koop/vir slagting is op my plaas gebore		Ja	Nee
3	Die plaas het 'n geslote kudde beleid – diere word nie ingekoop nie, weiding word nie verhuur nie en daar word nie gespekuleer nie		Ja	Nee
4	Ek pas biosekuriteit op die plaas toe **	Swak	Gemiddeld	Goed
5	Verse word eenkeer ingeënt met Stam 19 tussen die ouderdom van 4 en 8 maande		Ja	Nee
6	Ek ent ook my beeste met RB 51 (gee aanduiding van ouderdomme)		Ja	Nee
7	Al my beeste op die plaas is getoets vir brusellose		Ja (datum)	Nee
8	Al my beeste het negatief getoets in die laaste jaar		Ja	Nee
9	Beeste is nie ingekoop sedert die laaste negatiewe toets nie		Ja	Nee
10	Ek/my veearts het enige aborsies op die plas ondersoek		Ja	Nee
11	Na my beste wete is my bure en plase in my omgewing vry van brusellose		Ja	Nee
12	Ek gebruik 'n veearts om my in te lig oor my kudde se gesondheid		Ja	Nee
13	Die veehanteringsgeriewe op die plaas is:	Swak	Gemiddeld	Goed

***Biosekuriteit:

Swak: spekuleer met beeste, ent nie diere in nie, swak heinings, besste kom in kontak met ander beeste

Gemiddeld: Ent verse in, koop nie beeste van onbekende dieregesondheidstatus in nie

Goed:

Gelote kudde/koop nooit beeste in nie; ent verse in en beeste het geen kontak met ander beeste nie. Volg 'n dieregesondheidsprogram wat saam met die kuddeveearts opgestel is noukeurig; laat geen vervoertrokke op die eiendom toe sonder nodige ontsmettingsmaatreëls toe nie; was en ontsmet vervoertrok nadat dié terugkeer van 'n abattoir of vendusiegrond.

Nota: Inenting beteken nie dat diere vry is van brusellose nie aangesien diere nog draers kan wees.

Heg die jongste *Brucella* bloedtoets sertifikaat aan

Eienaar of gemagtigde verteenwoordiger:.....

Handtekening:.....

Datum:.....

Kontakbesonderhede:.....

Plaas:.....

Distrik:.....

Saamgestel deur: Dr. Sewellyn Davey, Brusellose werkskomitee van die Nasionale
Diergesondheidsforum (SewellynD@elsenburg.com)

7 Mei 2017